# Pastoraat in rousmart as bewuste kommunikasie van die emosies van rousmart[1]

**W Smith & T F J Dreyer**

**Departement Praktiese Teologie**

**Universiteit van Pretoria**

## ABSTRACT

### New meaning of life within grief

***From the perspective of pastoral care and counselling, one often finds that people experience a lack of meaning in their lives when confronted with grief. The salvation through Jesus Christ, and the way it is incorporated in one's life, doesn't bring existential hope and meaning any more. This article attempts to give new meaning to an old discussion of "grief", the conscious and unconscious mind, as well as the emotions of grief, in such a way* that new meaning of life within grief *becomes a spiritual way of living, a life* coram Deo.**

## 1. INLEIDING

> *Hoc est Christum cognoscere, beneficia eius cognoscere, non...eius naturas.*
> (*Loci Communes* van Melanchthon [1521], aangehaal deur Sölle 1990:106)

Philippus Melanchthon het ons geleer dat om Christus te ken, vir my as mens beteken dat ek Christus se *weldade* vir my lewe ken, sonder dat ek noodwendig, of enigsins sy *wese* ken of verstaan. Die betekenis daarvan vir die pastoraat sou wees dat waar die pastoraat gedurig tussen teorie en praxis beweeg en vanuit 'n spesifieke perspektief uitsprake oor God maak, dit nie op die vlak van die spekulatiewe gedoen kan word nie. Soos wat die praxis leef uit die voedingsaar van die teorie, net so sal die teorie dood wees as dit uit eie veronderstelling wil leef. Uiteindelik moet daar, in die woorde van Heyns & Pieterse (1990:34), gepoog word om 'n kommunikatiewe praxis daar te stel wat in diens

[1] Hierdie artikel is 'n verwerking van die resultate van 'n MA(Teol)-skripsie, onder leiding van prof dr T F J Dreyer, ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die MA(Teol)-graad (1999), Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

staan van die evangelie. Dit sou beteken dat rousmart en die verwerking daarvan te doen het met die wyse waarop mense God se weldade (*beneficia*) in hulle lewe beleef en uitleef. Hierdie belewenis van God het te doen met die beeld of konsep wat mense van God vanuit hulle spesifieke leefwêreld skep. Dit beteken dat belewenisse of emosies op die vlak van die bewuste gekommunikeer moet word, sodat onderskeid getref kan word tussen subjektiewe menslike ervaringe en die *beneficia* van God.

Die *navoringsgaping* bestaan waarskynlik daaruit dat waar daar baie in die pastoraat oor rousmart en oor Godsbeelde navorsing gedoen is, dit nog op die vlak van die *naturas* van God gedoen is, terwyl die *beneficia* van God in Jesus Christus nog nie volledig verdiskonteer is nie. Dit beteken nie dat navorsers 'n doelbewuste poging in die verlede aangewend het om sodanige onderskeid te tref nie en is dit ook nie hier die oogmerk nie. Wanneer bogenoemde begrippe ter sprake kom, word die een nie sonder die ander verstaan nie. Vanuit hierdie dialektiese verhouding, sal die *beneficia* altyd begryp word as die weldade van God soos wat dit deurbreek in die heil wat Christus bewerk het. Met ander woorde, die onuitspreekbare *natura* van die Gans Andere God, raak alleen uitspreekbaar binne die heil (*beneficia*) wat Jesus Christus vir die mens bewerk het. Dit lei daartoe dat die pastoraat nie verleë hoef te staan voor opmerkings soos: "Jy moet dit glo of aanvaar, omdat God in sy Woord so vir jou sê" of "Ek moet dit aanvaar, dit is die Here se wil en God se weë is nie my weë nie." Die *natura* van God wil daartoe lei dat die pastorant die *beneficia*/heil (die lewe in oorvloed – Joh 10:10) in sy of haar lewe ervaar. Die omgekeerde is ook waar: die *beneficia* van Christus wil die pastorant konfronteer met die Gans Andersheid van God wat uit genade bereid was om die heil in Christus te laat inkarneer.

Die vermoede bestaan dat beide pastor en pastorant op 'n bepaalde manier met God omgaan, maar dat hulle verstaan van God, en die wyse waarop die Godsbeelde in hulle lewens funksioneer, dikwels op die vlak van die onbewuste lê. Ek poneer dat indien hierdie Godsbeelde *bewustelik* gestel word, sal die sogenaamde rousmartfases, of soos hier genoem: *die emosies van rousmart*, beter verstaan word en sal dit waarskynlik die beradingsproses kan aanhelp en meer konstruktief afhandel. Louw (1997:60) voorsien dat hierdie gebeure 'n ontmoeting tussen God en mens moet wees, sodat die heil in Jesus Christus as die *eintlike gebeure* midde in hierdie tyd van rou ervaar kan word. So lê die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

agogiese moment van Firet (1979:24) reeds lankal in dit wat Louw hierbo sê, as hy stel dat God deur versorgende heilshandelinge agogies, oftewel leidinggewend (en nie lydinggewend – WJS) in die menslike nood betrokke wil wees. Waarskynlik het selfs Capps (1990:24) dieselfde in gedagte gehad as hy by wyse van sy sogenaamde "reframing" die dimensie van hoop in huidige terme (teenwoordige tyd) wil stel. Ek vind my hier saam met bogenoemde bronne wat die weldade (*beneficia*) van God as eskatologiese gebeure sien wat in Christus vervul is, en deur die Gees, pneumaties steeds vervul word. A G van Aarde (ongepubliseerde referaat – Junie 1999) bevestig dat: "die Gees-gevulde Messias is God se "eskatologiese" gawe om die outensiteit van diegene … wat onder neerdrukkende omstandighede lewe, te herstel." 'n Mens sou daarmee kon sê dat die einde reeds begin het in die blye gebeure dat ons ten spyte van die omstandighede, alreeds midde in die omstandighede op God kan vertrou. Raakgevat deur Müller (1996:86) is dat "… mense nie net gehelp moet word om tot verhaal te kom nie, maar om tot VERHAAL te kom …," omdat die toekoms (eindgebeure) reeds in die hede (eintlike gebeure) teenwoordig is. Hoop ontstaan wanneer God se VERHAAL in my verhaal vertel word. Sodoende kan die versteurde toekomsperspektief (patologiese rou) van die mens wat in rousmart soek na sin en hoop, blootgelê word deurdat die pastor die *beneficia* van God in Christus op 'n bewustelike vlak aan die pastorant kommunikeer.

As deel van die *formulering van die probleem* kan beredeneer word dat onverwerkte rousmart, of te wel patologiese rousmart, dalk kan beteken dat gelowiges nie noodwendig eksistensiële hoop en verandering midde in die rousmart situasie beleef nie. Die *metode van ondersoek* sou wees om die fenomeen "rousmart" onder oë te neem en te bepaal watter rol emosies (die onbewuste) in die pastorale rousmartproses speel, sodat mense die *beneficia* van God, wat voortspruit uit die *natura* van God, vir hulle lewe kan aanvaar en uitleef. Alleen so sal die heil in Jesus Christus, eskatologies en pneumatologies kan deurbreek, deur die pastorant uit te lei na sin midde in lyding.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# 2. DIE FENOMEEN "ROUSMART"

## 2.1 Die omskrywing van die fenomeen

### 2.1.1 Wat is rousmart?

In die lig van die inleidende opmerkings, meen ek dat ons God in 'n sekere sin nie anders ken as 'n God wat ly nie. Die heil wat Jesus Christus bewerk het, het gebeur in en deur lyding. Sarot (1994:131) vat dit netjies raak wanneer hy opmerk: "... dat de smart die ik voel ... een weerspiegeling is van Gods smart en medelijden, ook al voelt Hij de pijn op een andere manier dan wij." Daarom kan die pastorant in sy of haar eie lyding en nood, God leer ken as die Gans Andere wat deur die Geïnkarneerde Heil vir die mens Immanuel word. Deurdat God self rou aan die kruis beleef het, maak dit God aktief teenwoordig in menslike rou. Dit beteken dat die God oor Wie of van Wie daar nie met betrekking tot die Goddelike *natura* gepraat kan word nie, die God is met Wie ons kan praat en in verhouding kan tree, deurdat God Godself in Jesus Christus se *beneficia* aan ons openbaar het. God se empatie in rou, beteken: "My genade is vir jou genoeg" (2 Kor 12:9).

Hallewas (1989:9) definieer rousmart: "... als pastoraat aan een bepaalde categorie mensen, namelijk die wij kunnen aanduiden met de verzamelnaam naasbestaanden, mensen die een naaste door de dood verloren hebben en als gevolg daarvan een periode van rouw doormaken." Hy verkies om van rousmart te praat as pastoraat in die skadu van die dood. Hoewel Hallewas bogenoemde as vertrekpunt gebruik, gee hy toe dat daar verskeie situasies is waarin 'n mens kan rou. Hallewas (1989:9) meen dat slegs die dood 'n werklike vorm van rou kan wees. Die ander vorme van rou, beskou hy hoogstens as 'n verliessituasie, of dan, soos hy dit stel, rou in 'n afgeleide sin. Hy pretendeer dat rou deurgaans op psigologiese gronde gebeur, omdat daar dikwels by mense die gevoel van feilbaarheid en van skuld aanwesig is en wat as primêre emosies die losmakingsproses rig en inklee. Die rede waarom Hallewas die dood as eiesoortige fenomeen formuleer, is omdat hy beweer dat 'n geskeide weer kan trou, 'n werklose weer werk kan kry, ensovoorts, maar in die geval met die dood, word die subjek-subjek-verhouding verbreek, en word die geliefde subjek, 'n objek-in-die-kis. Dit is egter nie Hallewas se bedoeling om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

te beweer dat ander verliessituasies naas die dood, minder intens belewe word as die dood self nie.

De Klerk (1977:19) kies om die begrip rousmart te gebruik en motiveer dit soos volg: "Die saamgestelde woord wat gekies word is dan rousmart: rou as … die omskrywing van die tipe smart en smart as … pynlike verlange, wee, hartseer, leed, verdriet, pynlike aandoening van die gemoed." Rousmart is vir hom "die spesifieke en intens emosionele toestand, gedrag en reaksie … waarin die treurende as besondere individu in sy of haar totale menswees deur verskillende fases van smartontwrigting heenworstel na die aanvaarding en aanpassing na die verlies" (De Klerk 1977:99). Binne dieselfde konteks beskou Futterman (1972:255) rousmart "… as a combination of affective responses such as shock, numbness, confusion, diffuse anxiety, pain and psychosomatic responses, as well as more differentiated and focused sadness or depression over the impending or actual loss."

Die mening van Spiegel (1977:17) staan in lyn met wat andere, soos Roelof Groen (1990:9), asook Van der Ven (1995:13) oor rousmart sê. Vir almal is rou 'n ervaring waarin daar een of ander verlies plaasgevind het en wat mense in hulle totale menswees raak. Rou, so meen hulle, beïnvloed die mens verstandelik, liggaamlik, geestelik en gevoelsmatig. Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat rou altyd 'n *relasionele en universele dimensie* sal hê. Die persoon wat rou, sal opnuut 'n evaluasie en waardasie moet maak van sigself, gesin, medemens, omgewing, opvoeding en dan veral die wyse waarop hy of sy die beeld of konsep van God in sy of haar eie lewe verstaan. Rousmart impliseer dat daar persoonlike aandag, steun en sorg gebied sal word vir mense in hulle "noodgeveg" en heroriëntasie op die lewe ten einde die *beneficia* van Christus opnuut te belewe. Wat die universele dimensie betref, beteken dat geen mens, al is elkeen se belewing van rousmart uniek, hiervan gevrywaar is nie. Daarom moet gelowiges steeds vashou aan die heilsfeit dat rousmart, vanuit die *beneficia* van Jesus Christus ook 'n *transendente dimensie het*. Rou laat mense vra na lewenssin, na betekenis, na identiteit, na hoop, sodat die dinge wat met hulle gebeur, vanuit hulle eie gebrokenheid en ontoereikenheid, sal groei tot 'n positiewe geloofservaring. Vir Jeffrey Zurheide (1997:49) beteken rousmart dat "… weakness is the very channel through which God displays God's power, God's omnipotence" (*beneficia*).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gevolglik tree die aspek van *hoop* sterk na vore, sodat die mens nie meer nood, rou en lyding tradisioneel as vyand en bedreiging hoef te sien nie, maar die heil in Christus nou reeds mag belewe wanneer die Gans Andere op 'n misterieuse wyse die Goddelike *beneficia* aan die mens openbaar. Dit wil sê: God wat teenwoordig is in pyn, is die God, wat wanneer die hoop wil taan en waar hopeloosheid die oorhand wil kry, self genadiglik die oorhand kry (kyk ook Sarok:1994:138). Rou is daarom veel meer as bloot menslike ervaringe (subjektiewe praxis). God het gekies om deur die inkarnering van Christus, aan rou 'n transendente en Goddelike dimensie te gee. Van der Ven (1995:14) is na my mening reg as hy poneer dat elke vorm van lyding benader moet word as 'n geleentheid wat nuwe betekenis aan die mens wil gee.

Wanneer die rol van die pastor tydens rousmart in oënskou geneem word, kan 'n mens met Van Biljon (1984:229) saamgaan, wat beweer dat die pastor nie in die eerste plek die pastorant moet lei tot aanvaarding nie, maar die pastor het ook die verantwoordelikheid om 'n stuk menslike gerealiseerde selfsug – die ek – te lei tot oorwinning oor die dood in Jesus Christus, wat daaraan sin gegee het. Om hierdie rede moet die pastor nie so sterk klem lê op die realiteit van die dood nie, maar eerder op die werklikheid van 'n verlies. HOOP word hier gekommunikeer in die geloofsekerheid dat Christus wel die dood ingegaan het, maar ook oorwin het. Rousmart het ten diepste te doen met die *bewuste belewenis* van 'n bepaalde verlies, en voortspruitend hieruit die bewuste belewenis dat die *beneficia* van Christus die pastorant kan begelei tot die verwerking en aanvaarding van die verlies.

### 2.1.2 Wanneer word 'n omstandigheid as rousmart gereken?

Rou is kompleks. Geen vorm van rou kan ooit met 'n ander vergelyk of gelykgestel word nie. Die intensiteit van rou is heel dikwels ook meer as die somtotaal van die impuls wat die rou veroorsaak het, byvoorbeeld 'n dokter se aanbeveling dat 'n persoon se been geamputeer moet word, strek veel wyer as die operasie self. So is die dood van 'n geliefde ook veel meer as die feit dat hy of sy nie meer daar is nie. De Klerk (1972:99) definieer rousmart soos volg: "Rousmart is die spesifieke en intens emosionele toestand, gedrag en reaksie … waarin die treurende in sy totale menswees deur verskillende fases van smartontwrigting heenworstel na die aanvaarding en aanpassing na die verlies."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Oates (1997:20) omskryf ten minste ses kwantitatiewe vorme (let wel: nie fases – WJS) om rou te herken:

- *"Anticipatory grief", of dubbele rou,* is waar 'n pasiënt besig sou wees om te sterf en ook sy of haar familie onbewustelik dieselfde roufases deurleef.
- *Skielike of traumatiese rou* gebeur sonder vooraf waarskuwing, byvoorbeeld 'n hartaanval, 'n ongeluk, selfmoord, moord, ensovoorts.
- *Kroniese of "no end" rou,* byvoorbeeld die sorg aan 'n serebraal gestremde kind, of om na 'n huweliksmaat wat aan Alzheimer se siekte ly, te versorg. Oates noem hierdie vorm van rou "the death of a dream."
- *Near miss*-rou is 'n vorm van rou waarin 'n persoon die dood noueliks ontkom het, byvoorbeeld tydens 'n rooftog of motorkaping.
- *Patologiese rou* ontstaan wanneer mense grootliks die gebeure wat aanleiding tot die rou gegee het, ontken, byvoorbeeld wanneer huweliksmaats vir jare na 'n huweliksmaat se dood nog sy of haar klere in die kas wegbêre, soos wat hulle self dit sou doen. (Meer hieroor hieronder.)
- *"The tragic sense of life"-rou* ontstaan wanneer mense bewus is van die beperkte sorg wat hulle aan ander kan bied, vanweë hulle eie sterflikheid, byvoorbeeld grootouers wat om een of ander rede na hulle kleinkinders omsien, maar wat voortdurend bewus is hoedat hulle eie kragte afneem. Mense se onwilligheid om af te tree, het dikwels met hierdie vorm van rou te doen.

Die vier vorme van rou wat Hallewas (1989:9) noem, word grootliks by bogenoemde rouvorme verreken. Rousmart is uitgebreid en meer as net die dood. Daarom is Van Biljon (1984:232) reg as hy poneer dat elke mislukking en elke verlies, 'n bepaalde doodservaring verteenwoordig. Elke pastor moet die noodkreet van Lategan (1992:19) hoor as hy sê dat een van die grootste krisisse van rousmart, is juis die verlies aan 'n konkrete belewing van pastorale sorg tydens rousmart.

Vir die pastorant gaan die rousmartsituasie nie primêr om die vraag na wat die aard van die verlies was nie, maar eerder 'n vraag na: "Hoe kan ik … verder leven?" (Faber 1984:25). Dieselfde mening geld wanneer Anne V Sutherland (1995:281) sê: "…



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

people need comfort in trying times, not a theological discussion ... when times of sorrow and trouble arrive." Faber vergelyk verlies of rou met 'n vorm van amputasie. Dit gaan oor 'n afsnyding van bepaalde bande, 'n ophou van bepaalde verhoudinge, 'n verminking van die mens in murg en been, in hart en siel.

### 2.1.3 Watter fases en simptome is kenmerkend aan die rousmartsituasie?

Kübler-Ross (1969:34ev) se destydse baanbrekerswerk word vandag nog wyd aanvaar. Sy het aangedui dat rousmart in bepaalde fases verloop. Vir die doel van hierdie studie sou dit voldoende wees om die fases te noem en te definieer.

- Die *skokfase* word in elke vorm van rousmart beleef wanneer die sogenaamde slegte tyding aangekondig word. Daarom dat die mens as ontiese wese al sy verdedigingsmeganismes sal inspan om hom of haarself te beskerm. Kenmerkend aan die fase is die verlammende skok en verwarring, asook die onvermoë om diepgaande insig oor die werklikheid te openbaar.

- By die *ontkenningsfase* is daar 'n mate van herstel van die gevoel van onwerklikheid. Die pastorant sal poog om as 't ware die werklikheid weg te praat en 'n valse hoop te skep waaruit hy of sy lewe. Myns insiens ontstaan die gevaar van patologiese rou hier aangesien hierdie halwe hoop ontkennend te werk gaan met die realiteit. Ontkenning is 'n inkeer tot en 'n besig wees met die self op 'n onbewuste wyse. Dit lei tot isolasie, gebrek aan sinvolle kommunikasie en onbegrip van ander. Dit is die veilige, dog onrealistiese hawe van die pastorant.

- Tydens die *fase van opstand* en woede soek die pastorant na 'n uitlaatklep en meganisme waarheen al die onverwerkte emosies gekanaliseer kan word. Emosies van woede en opstandigheid word beleef teenoor hom of haarself wat in onvermoë staan om iets daaraan te doen, maar ook teenoor ander en selfs God wat apaties blyk te staan teenoor die rousmart. Daarom is daar naas die onderdrukte aggressie altyd ook die gevoel van hulpeloosheid en magteloosheid.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- Die *onderhandelingsfase* vra vir nog 'n bietjie tyd. Die onderhandelingsfase lê dikwels op die dieptestruktuur en word selde na die oppervlak gebring. Daarbenewens is die voorwaardes wat gestel word heel dikwels onrealisties en buite bereik.

- Rousmart is terdeë bewus van die verlies wat reeds plaasgevind het, of op hande is. Daarom is die *depressiefase* 'n emosioneelbelaaide fase van hartseer en trane. Die pastorant se emosies lê op die bewuste vlak. Hy of sy besef dat die tyd gekom het om bande los te maak.

- Vir Kübler-Ross is die *aanvaardingsfase* baie moeilik te onderskei. Dit is die fase waarin letterlik vrede gemaak word met alles en almal en waarin die pastorant met die vooruitsigte leef van 'n beter toekoms. Vir die doeleindes van hierdie studie, sou dit ook die oogmerk wees waarheen die pastor en pastorant beweeg, maar dan uitgedruk as die heil in Jesus Christus wat in die lewe van die pastorant deurgebreek het.


Bronne soos Spiegel (1977) en Flatt (1987) verwoord die fases anders as Kübler-Ross, maar sê uiteindelik nie iets meer of anders nie. Die dilemma is steeds dat die rouproses in terme van fases omskryf word. Dit laat ongelukkig, na my mening, die dinamika van rousmart, as 'n proses, verlore gaan. Indien daar gepraat kon word van bepaalde fases, is dit belangrik dat dit hoogstens van mekaar te onderskei is en nie geskei kan word nie. Rousmart is 'n *dinamiese proses* en kan juis verongeluk word die oomblik wanneer dit in fases verdeel sou word. Ek verkies om te praat van die *emosies van die rousmartproses*, waarin elke emosie wat belewe word, in diens staan van die aanvaardingsgebeure of te wel die eskatologiese en pneumatiese deurbreek van die heil in Jesus Christus, soos geopenbaar in die *beneficia* van God in Christus. Die dinamika van die gebeure lê daarin dat sekere emosies nie slegs meer beperk word tot sogenaamde fases nie, maar dat enige emosie op verskillende stadia van die rousmart proses afwisselend kan manifesteer, en natuurlik ook op verskillende vlakke van intensiteit. So gesien is *aanvaarding* as sodanig ook nie 'n fase of 'n doelwit waarna gestreef moet word nie,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

maar uiteindelik niks meer en niks minder as 'n daaglikse uitleef van die heil in Christus wat eskatologies en pneumaties midde in rou gerealiseer het.

Skematies kan die *emosies van rousmart* as volg voorgestel word:




**2.1.4 Die oorsake van patologiese rou**

Wanneer die bekende op die terrein van rousmart, York Spiegel (1977:91), oor patologiese rousmart redeneer, dan kom dit vir hom daarop neer, dat 'n patologie ontstaan wanneer alle moontlike pogings van die pastorant misluk in die verwerking van die eerste drie fases van rousmart, binne die tydsbestek van vier tot ses weke. Ek meen egter dat so 'n definisie nie standhoudend is nie, aangesien die fases van rousmart in die eerste plek nie presies afgebaken kan word nie, en voorts omdat daar nie eers gewag moet word vir die afhandeling van bepaalde fases nie. Patologie kan in enige fase van rousmart ontstaan en daar sal nie vanuit die een fase na die ander oorgegaan kan word, indien 'n patologie reeds in 'n bepaalde fase ontstaan het nie. 'n Belangrike opmerking van Spiegel (1977:91) is dat die verwerking en afhandeling van patologieë gerig is op hulp van buite.

Du Toit (1986:30) meld in sy bespreking van die teorie van Sigmund Freud dat laasgenoemde die standpunt gehuldig het dat 'n mens tot volkome menswees kom vanuit 'n onvoltooide verlede. In 'n poging dan om menswees tot vervulling te bring, word die onbewuste en verdringde verlede in 'n verwronge vorm (patologie) na die vlak van die bewuste gebring. Adler (in Du Toit 1986:56) beskou patologie as die nastreef van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

onrealistiese fiktiewe doeleindes, terwyl Jung (1986:73) wat die menslike persoonlikheid in verskillende lae van bewussyn tipeer, meen dat patologieë gewortel is in onontginde argetipes, wat misken en verklein word in die onbewuste, en wat toenemend 'n aanspraak op die bewuste maak, sodat die onbewuste die bewuste begin bedreig. Vir die bekende psigoloog, Skinner, soos aangehaal deur Dollard & Miller (in Du Toit 1986:126) is afwykende gedrag of patologieë die gevolg van 'n kondisionering deur die omgewing om negatief te funksioneer. Dit sal ongelukkig die noodwendige gevolg hê dat 'n patologie slegs aangespreek kan word indien die omgewing verander en geherkondisioneer word. Natuurlik 'n prakties onhaalbare doelwit in die geval van rousmart.

Hoewel daar nie noodwendig met die genoemde teorieë saamgegaan word nie, bestaan die patologie van rousmart vir my daarin dat die onbewuste óf doelbewus onderdruk word, óf wanneer dit na die vlak van die bewuste gebring word, onvoldoende aangespreek word. Wat wel waar is van hierdie teorieë, is dat afwykings of patologieë die ontwikkeling van menswees strem. Patologie sal tot gevolg hê dat die heil in Jesus Christus (*beneficia*) nie as 'n gegewe heilsfeit geleef word nie. Patologie sluit singewing en hoop as eskatologiese en pneumatologiese gebeure uit.

Wat duidelik is vanuit die psigologiese teorieë, soos bespreek in du Toit (1986), is dat elke vorm van patologie bepaalde simptome tot gevolg het. Van die belangrikste simptome van patologiese rou vir Spiegel (1977:92) is die verwerping van enige hulp, voortdurende apatie, isolasie en die afbreek van kommunikasie, wanpersepsie ten opsigte van die realiteit, ontkenning, obsessies en kompulsies, beskuldigings en slegte drome.

Vir my lê die patologie van rousmart hoofsaaklik gesetel in twee belangrike simptome, te wete 'n vrees vir mislukking (VVM) en 'n vrees vir verwerping (VVV). Ek meen dat die emosies van rousmart, veral dié van ontkenning, aan die pastorant die ervaring verleen dat hy of sy moontlik iets aan die situasie kon doen om dit te voorkom het. Weens die onsuksesvolle pogings lei dit tot die gevoel van mislukking en daaropvolgende gevoel van verwerping. Verwerping weer lei tot isolasie en verlies aan sinvolle kommunikasie, wat uiteindelik patologiese rou tot gevolg het. Die pastorant kan die belewenis hê dat hy of sy in die steek gelaat is en sodoende dan ook verwerp is, in sommige gevalle selfs deur God verwerp sou wees. Dit bring die gevoel na vore dat God ten doel het om die rousmartsituasie as straf te gebruik. Derhalwe sou dit vir die pastorant veiliger wees om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n realiteit te verleen aan bogenoemde simptome en emosies, om sodoende te soek na die heil in Christus.

### 2.2 Fokus op die rol van die onbewuste en bewuste in rousmart

Die bydrae wat die psigologie in terme van menslike gedrag en persoonlikheid kan lewer, moet nie onderskat word nie. Die menslike "ek" (onties, biologies, fisiologies, psigologies, antropologies en teologies) leef sy of haar bewussyn uit op die vlak van die bewuste en onbewuste wat die proses van geloofsvolwassenheid en singewing beïnvloed.

#### 2.2.1 Die bewuste, uitgedruk as menslike gedrag of oppervlakstruktuur

Menslike bewussyn impliseer in die eerste plek 'n bewus wees dat die wese van die mens 'n dieper dimensie ('n onbewuste) het en dat daar 'n *wisselwerking* tussen die bewuste en die onbewuste is. Louw (1997:240) haal Zijlstra aan wat sê dat 'n mens bewus is van die dinge wat jy weet dat jy nie weet nie. Dit gaan hier oor die menslike kenvermoëns, oor die denke, gevoel en sintuiglike waarnemings. Voldoende geïntegreerde kennis oor die mens en menslike emosies, sou volgens Louw (1997:242) die sleutel wees waarmee daar tot 'n dieper (onbewuste) vlak van menslike verstaan beweeg kan word. Ook Aronstam (in Du Toit 1986:191) poneer dat volle bewustheid noodsaaklik is vir gesonde persoonlikheids-funksionering. Vir Yontef (1976:67) is die bewuste 'n "... form of experiencing ... [A]wareness leads to aha ...." Sodoende kom dit daarop neer dat groei, of dan te wel die *beneficia* van Christus as singewing, alleen kan plaasvind in 'n situasie van ten volle bewus wees, maar omdat bewustheid in die hier-en-nou plaasvind, is bewustheid altyd onvolledig. Bewustheid is nooit staties nie. Daarom kan Yontef steeds ondersteun word as hy dit as 'n proses sien wat elke oomblik staan in die lig van verandering.

Die vader van die eksistensieel-fenomenologiese benadering, Husserl, beweer dat die mens nie 'n bewussyn het nie, maar die mens is bewussyn. Dit is 'n holistiese benadering wat bewussyn altyd rig op iets of iemand. Dit kom daarop neer, volgens Van den Berg (1966:14) dat bewussyn altyd meer as een moontlikheid het, omdat *bewussyn* belewe word binne die raamwerk van *betekenis*. Self sou ek aansluiting by hierdie benadering kon vind, wat myns insiens die implikasie vir rousmart sou hê, dat die wyse waarop die pastor en pastorant rousmart eksistensieel as bewuste belewe, noodwendig



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van mekaar verskil. Die holistiese benadering van die pastor sal uiteindelik daartoe lei dat hoe meer hy of sy die bewussyn van die pastorant verstaan, hoe nader sal hy of sy daaraan kan kom om 'n *ekwiwalente betekenis* te hê van hoe die pastorant rou verstaan.

Die verwagtinge wat die pastorant (heel dikwels onbewustelik) aan die pastor stel, vereis aan die kant van die pastor 'n oor wat bereid is om te luister. Die pastor moet kan *em-phatos*, as 't ware met empatie onder die vel van die pastorant kan inkruip en sodoende in die verhaal ingetrek word. Empatiese luister vra 'n bereidheid en openheid om grense te kan verskuif, selfs verby die begrensinge van jou eie self, om sodoende te ontdek wat die ander ervaar. Die verskuiwing van grense sal in elk geval, betreffende die pastorale gesprek, altyd meer as net 'n horisontale dimensie hê. Die empatie wat die pastor met die pastorant in rou kan hê, sal altyd voortspruit uit God se empatiese betrokkenheid by die mens. Ek ondersteun die gedagte van Sarot (1994:131) dat God se medelye en empatie met die mens in nood, impliseer dat die mens "op een existensieel niveau klaar te komen met het lijden ...." Dit beteken dat die wyse waarop God se "geïnkarneerde heil" in Christus plaasgevind het, God se "present"-wees by 'n mens in nood, 'n empatiese betrokkenheid veronderstel, waardeur God self kies om deelnemer in menslike rou en nood te wees. Die belangrike bydrae wat Oomen (1994:263) gemaak het, is dat lyding 'n vraag na God sal wees, waarin die moontlikheid van iets beters vir die pastorant sal deurbreek. As draer van God se empatie, speel die pastor 'n unieke rol in die lewe van mense ten tye van rou. Dit is via 'n empatiese oor waardeur die pastor tot die dieper vlak van die onbewuste beweeg en waar daar ontdek word wat die dieper motivering is waarom die pastorant dan juis op 'n bepaalde manier optree. Empatiese luister dwing die pastor om te konsentreer op die dieper fokuspunte van die verhaal, sodat die pastorant sin kan hê in sy of haar lewe ondanks lyding. Ek meen dat dit uiters noodsaaklik is om hierdie dieper fokuspunte, wat moontlike patologiese rou tot gevolg gehad het, na die oppervlak te bring omdat die mens se lyding in rousmart alleen verlig kan word, wanneer hy of sy God se medelye, die heil in Christus, op 'n bewuste vlak ervaar. Alleen Jesus Christus se lyding gee leiding in lyding.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.2.2 Die onbewuste, uitgedruk as menslike denke of dieptestruktuur

Nietzsche, soos aangehaal deur Erasmus in (Du Toit 1986:8), het die aanname gemaak: "Ek het dit gedoen, sê my geheue. Ek kon dit nie gedoen het nie, sê my trots onverbiddelik. Uiteindelik gee my geheue toe." In die lig hiervan stel hy, in ooreenstemming met Grobler, (in Du Toit 1986:64) dat die onbewus raak van inhoude, 'n psigiese aktiwiteit is wat ten doel het om dinge wat gevaarlik, onrealisties of onaanvaarbaar voel, weg te pak in die onbewuste.

Hoewel die mens se onbewustelike ervaringe ook op 'n nie-waarneembare vlak lê, beteken dit nie dat die pastor dit nie moet verreken in die beradingsgesprek nie. Indien daar vanaf die oppervlakstruktuur (bewuste) na die dieptestruktuur (onbewuste) beweeg kan word, en dit in terme van die bewuste uitgedruk kan word, kan dit waarskynlik die pastor help in sy of haar begeleiding van die pastorant. Die beweging vanaf die oppervlak-struktuur na die dieptestruktuur, en weer terug, is die begin van die hermeneutiese verstaansproses waarin die *garstigen Graben* (diep kloof) tussen onbewuste en bewuste oorbrug word, en waarin die pastorant begelei word om opnuut weer die heil in Jesus Christus te ontdek. Heitink (1979:298) verbind hierdie proses aan die Nuwe Testamentiese begrip "*parakalein*" (vertroosting), en noem dit die moederlike funksie van die *communio sanctorum*.

Om van die vlak van die onbewuste na die bewuste te beweeg, sal daar vervolgens eers gekyk moet word na die funksionering en doel van die pastoraat in rousmart. Die patologiese onderdrukking van die onbewuste, mag moontlik die rede wees waarom die pastorant nie in rousmart die heil in Jesus Christus as singewende gebeure ervaar nie.

## 3. PASTORAAT IN ROUSMART

Oates (1951:42) haal 2 Korintiërs 5:20 aan as vertrekpunt vir die rol wat die pastor in die pastorale gesprek het: "Ons tree dus op as gesante van Christus en dit is God wat 'n beroep op julle doen ...." Die rolspelers in die pastorale gesprek is veel meer as die pastor en pastorant alleen. Oates meen "he represents God, the Father, he serves as a reminder of Jesus Christ, he is a follower of the Holy Spirit, he is the emissary of a specific church and he simbolizes the caricatures of the Christian faith...[B]ut nevertheless he is a shepherd to the non-Christian as well as to those who are in the church." Dit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

beteken dat die pastor se verhouding tot die pastorant uniek is en in hoof verskil van enige ander berader of terapeut. Onder leiding van die Heilige Gees, moet die pastor elke keer weer kan sê: "So sê die Here ...." Dit veronderstel 'n behoorlik deurgronde teologiese kennis by die pastor, maar ook 'n deurleefde kennis van die Bybel, waardeur hy of sy saam met God in die wêreld leef (die eie spirituele belewenis van God). Groen (1990:30) is reg as hy pretendeer dat dit in die pastorale optrede nie oor die aktiwiteite van mense gaan nie, maar om die dade en woorde van God, oftewel die *beneficia* van God in Christus. Die pastor tree in gehoorsaamheid aan die Roepende God op as geroepene. Hy of sy verskaf, soos wat later bespreek sal word, geloofshulp as lewenshulp, wat beteken dat God daar wil wees wanneer die mens rou beleef, sodat God lewe in dood kan gee.

Oates (1951:45) vra die vraag: "Just how does the minister exercise his authority as 'man of God' and as an 'ambassador of Jesus Christ'?" Om die onbewuste na die vlak van die bewuste te bring, mag juis, na my mening, vir die pastor 'n groot hulp wees om as verteenwoordiger van God te kan sê: "So sê die Here ...." Oates (1951:48) gee toe dat dit soms vir die pastor beter sou wees dat mense op die pastor se "daar wees" steun, omdat die pastor in 'n sin "verteenwoordiger" van God is, as om noodwendig verbaal betrokke te raak. Natuurlik bestaan die gevaar dat die pastor sy of haar rol kan oorskat. Oates (1951:51) beskryf hierdie "danger of playing God" as 'n vorm van afgodsdiens, waar die pastorant afhanklik kan raak van die uitsprake van die pastor.

## 3.1 Wat is die doel van pastoraat in rousmart?

### 3.1.1 Geloofshulp en lewenshulp

Dit sou vir die pastor nodig wees om deur affektiewe luister, die Woord van God aan die woord te stel. Dit beteken dat die pastor versigtig moet wees om nie te vinnig sogenaamde "Bybelse antwoorde" te wil gee nie. Veel eerder behoort die pastorant aangemoedig te word om self tot die ontdekking te kom van hoe God se VERHAAL hoop in die pastor se verhaal wil bring, deur die gebruik en integrering van relevante Bybelse materiaal (kyk Müller:1996). Die pastor moet daarteen waak dat hy of sy nie die uniekheid van elke pastorale gesprek ignoreer nie. Die pastor moet by elke pastorale gesprek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hom of haar vergewis van die inhoud, agtergrond en omstandighede, ten einde die nodige leiding in lyding te verskaf. Dit sou dus onmoontlik wees om by elke gesprek dieselfde Skrifgedeeltes te gebruik en elke keer tot dieselfde konklusies te kom. Elke gesprek is so uniek soos die pastorant self.

'n Mens kry die indruk dat Switzer (1979:125) homself nie altyd besig hou met diepgaande eksegese van die Bybel nie. Miskien wend hy die Bybel as nuttige handleiding aan tydens die pastorale gesprek as hy beweer dat: "The Bible in our society is one of the most available sources of rich symbolism and ... portrays every aspect of human experience." Daarteenoor beklemtoon Hallewas (1989:13) baie sterk dat dit ten diepste in die pastoraat om diensbaarheid gaan teenoor die *Missio Dei*. Die pastor, as gestuurde, moet nooit uit die oog verloor dat die verhouding tussen God en mens altyd by God begin, die God wat vir ons elkeen heil deur die Seun van God bewerk het. Die pastor moet hoogstens in die lig van die evangelie en met sy vaardighede meehelp opsoek na lig in die skadu van die dood.

Elke pastor moet homself ten opsigte van sy eie Godsbeeld en gebruik van die Bybel posisioneer. Pastorale sorg is nie net om ander te help nie, maar om as Geesgehelpde te kan help. Oates (1953:21) merk in sy boek "*The Bible and pastoral care*" die volgende op: "The Bible is the pastor's 'royal road' to the deeper levels of the personalities of his people."

Een van die belangrike redes waarom daar dikwels verwarring ontstaan in terme van wat beide van die pastor en pastorant verwag word, is omdat die Bybel geen klinkklare antwoord op lyding, nood of rou wil gee nie. Die vraag kan gevra word dat as God werklik goed en almagtig is, gebeur alles wel volgens sy wil, en is onaangename ervarings, soos die verlies aan 'n naaste ook God se wil? Hallewas (1989:124) haal Van Beek aan as hy poog om hierdie vraag in terme van bepaalde Godsbeelde te beantwoord.

De Klerk (1977:203) beklemtoon die noodsaaklikheid dat die pastor die rol van vertroude vriend tydens rousmart sal dra. Juis omdat as hy verteeenwoordiger van God optree, mag hierdie rol van die pastor daartoe bydra dat die pastorant wat in krisistyd na bepaalde ankers soek, via die pastor vir God as Vriend ontdek. De Klerk (1977:206) stel dit nog sterker. "Die treurende verwag van die pastor 'n benadering van medemenslike,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

solidêre vriendskap." Tog bly dit altyd belangrik om tussen afstand en nabyheid (solidariteit), tussen leiding en vrylating 'n gesonde balans te handhaaf.

Müller, (in De Villiers & Anthonissen 1982:116) pretendeer dat die pastor en die Bybel daar is ter wille van die pastorant, om hom of haar by te staan op die lewensweg en te help om sy of haar lewensopdrag sinvol uit te voer. Teenoor die kliniese benadering van ander wetenskappe is die empatiese meelewing van die pastor belangrik, veral omdat dit staan in die lig van die geïnkarneerde heil van Christus in 'n wêreld vol nood. Die pastor verteenwoordig die *evangelium in actu.*

Van Niekerk (1984:100) trek 'n belangrike faset nader as hy die rol van gebed tydens rousmart beklemtoon. Hy verwag dat gebed sal manifesteer as "die spontane antwoord op die Woord." Weens 'n fisieke smart is dit dikwels vir die pastorant moeilik om pyn in woorde te formuleer. Die pastor het hierin 'n belangrike taak. Hy of sy mag nie die gebed gebruik alleen as 'n afsluitingstegniek nie. Dit is nie 'n aanhangsel aan die gesprek wat die pastor se werk moet waarborg nie. Vir Louw (1983:68) is die totale gesprek 'n biddende opsien tot God. Daarom moet die pastor nie net vir die pastorant bid nie, maar saam met hom of haar bid. In lyn hiermee kies Oates (1997:18) self ook om te praat van "... the ministry of prayer ...." Wanneer gebed reg beplan word en reg gebruik word, is dit dikwels vir beide pastor en pastorant een van God se grootste gawes. Dit bevestig die teenwoordigheid van God soos wat God sigself in Jesus Christus "present" gemaak het.

Louw (1983:62) gee toe dat daar tye kan wees waarin die pastor onseker mag wees oor wat van hom of haar verwag word. Die pastor moet daarteen waak om nie die houding van 'n professionele buitestaander in te dra nie. Hy moet onthou: "die evangelie is nie 'n tonikum, therapeutikum, opkikker of stimulant nie." Die evangelie is die verkondiging van 'n toesegging: "Ek wil vir jou 'n God wees." Die pastor is, volgens Louw (1983:58) "promissio"-berader: die een wat die HOOP in Jesus Christus verteenwoordig, vergestalt en verkondig. Die beginsels van *promissio*-beraad, soos wat Louw (1997:510) dit verwoord, is van uiterste belang vir rousmart. Hy verwoord dit netjies as hy sê dat die helingsproses in terapie (in hierdie geval rousmart – WJS), teologies verstaan moet word, omdat die heling die karakter dra van wie God vir die mens is *en hoe die mens vir God by die lewe betrek.* Ek gaan met Louw (1997:58) en andere hierbo genoem, akkoord as hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die inhoud van die pastoraat sien as die heil in Jesus Christus wat in die lewe van die pastorant moet realiseer. Louw (1997:58) haal Tacke aan wat sê dat hulp aan die pastorant verskaf moet word in die vorm van *geloofshulp* wat in sigself *lewenshulp* moet wees. So word die pastoraat aan die Woord van God gebind en kan die heil in Christus vir die pastorant deurbreek. Geloofshulp gee uitdrukking aan God se empatiese betrokkenheid, soos hierbo bespreek. So raak Christus se lyding 'n medelye met 'n mens wat ly (kyk ook Sargot 1994:136). Die wyse waarop die Bybel geloofshulp as lewenshulp kommunikeer, word deur metaforiese taalgebruik tot uiting gebring.

### 3.1.2 Berading van onbewuste emosies

Louw (1997:242) poneer dat die verstaan van emosies beskou word as van die belangrikste vaardighede vir die voer van 'n pastorale gesprek. Dit bied 'n beter verstaan van die dinamiese wisselwerking tussen die bewuste en die onbewuste. Voorts definieer hy emosies ook as iets wat nie direk waarneembaar is nie, maar as verskuilde toestande wat in gevoel of stemminge uitgedruk word. Dit is belangrik om reeds kennis te neem dat emosies 'n belangrike rol speel in die betekenis van bepaalde begrippe. Egan (1994:68) maak die belangrike opmerking dat mense egter baie makliker oor hulle ervaringe (*experiences*) praat, as oor hulle gevoel of emosies. Vir hom egter, en ek stem saam, kan die drie egter nie van mekaar geskei word nie, omdat dit deel vorm van die mens se totale belewenis. Vir hierdie rede, sê Egan (1994:71), moet die pastorant leer "... how to express emotions as part of their humanity and as a way of enriching their interactions with themselves and others."

Die wyse waarop die pastor die onderliggende emosies na die vlak van die bewuste kan bring en effektief sal kan kommunikeer, vereis die vaardigheid van 'n liefdevolle, empatiese luister. Vir Van Aarde (ongepubliseerde referaat – Junie 1999) sou dit beteken dat die pastor "... uit liefde *vir* God, *vanuit* God, *vir* God se mense sal lewe." Hy begrond dit in die begrip "koinonia," wat hy definieer as 'n "togetherness" om saam deel te hê aan die vreugde om God se kind te kan wees. Alleen so ontstaan die moontlikheid van 'n vertrouensverhouding. Die pastor se omgee sou die spieël van God se omgee wees. Deur effektief te luister, kan die pastor die gevoel, emosie of ervaring van die pastorant reflekteer, en sodoende die denkraamwerk van die pastorant blootlê. Soos



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

reeds vermeld, is dit belangrik dat die pastor gedurig bewus sal wees dat emosies in verskillende vlakke van intensiteit manifesteer. Voorts moet die belangrikheid van parafrasering en sensitiewe waarneming, soos deur Louw (1997:334) omskryf word, nie onderskat word nie. Parafrasering is vir hom die vermoë om die pastorant se woorde weer te gee, sonder om dit te herhaal. Sensitiewe waarneming vra dat die pastor te alle tye bewus sal wees van die pastorant se verbale, sowel as nié-verbale taalgebruik. Hierdie *koinonia*-beginsel impliseer uiteindelik dat die pastorant nie net deel sal hê aan ander nie, maar deel sal hê aan God en aan die *beneficia* van God in Christus. 'n Bewuste berading van emosies sal die heil in Christus laat deurbreek as eskatologiese en pneumatiese gebeure.

Die onuitspreeklike *natura* van die Gans Andere God, raak uitspreekbaar in die *beneficia* van Christus. Dit beteken dat elke keer wanneer die pastor deur empatiese luister die heil in Christus bewustelik kommunikeer, vind daar 'n pneumatiese gebeure plaas, sodat die pastorant uiteindelik kan bely: "Aan God die dank! Deur Jesus Christus is ek van my doodsbestaan verlos" (Rom 7:24-25 – eie verwoording – WJS).

## 3.2 Slotopmerkings

Uit bogenoemde blyk dat rousmart nie as 'n eenvoudige en enkelvoudige saak afgemaak kan word nie. Ek volstaan met die volgende slotopmerkings:

- Rou is *kompleks* en geen vorm van rou kan ooit met 'n ander gelykgestel word nie.
- Om werklik die heil in Christus as hoop midde in rousmart te ervaar, sou dit veiliger wees om met die *emosies van rousmart* te werk, as om rou in fases te wil indeel.
- Die emosies van *patologiese rou* word waarskynlik opgesluit in 'n *vrees vir mislukking* (VVM) en 'n *vrees vir verwerping* (VVV).
- Om hierdie emosies aan te spreek sal die pastor die *onbewuste emosies* deur empatiese luistervaardigheid na *'n bewustelike vlak* moet kommunikeer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## Literatuurverwysings

Arlin, R 1991. The Book of Job: A grief and human development interpretation. *Journal of Health and Religion* 30(2), 149-160.

Arntz, J 1985. *De ander tegemoet*. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.

Ashbrook, J B 1994. One pastoral perspective on "anticipatory grief". *Pastoral Psychology* 42(4), 253-259.

Black, M 1994. Anticipatory grief: The search for destiny. *Pastoral Psychology* 42(4), 241-252.

Bowmann, G W 1998. *Dying, grieving, faith and family*. New York: The Haworth Pastoral Press.

Brown, W A s a. *The minister: His world and his work*. Nashville, TN: Cokesbury Press.

Burton, L A & Tarlos-Benka, J 1997. Grief-driven ethical decision-making. *Journal of Religion and Health* 36(4), 333-343.

Deist, F 1985. *Waarom God? Kanttekeninge by lyding*. Goodwood, Kaap: Nasionale Boekdrukkery.

De Klerk, W J 1977. *Rousmart*. Johannesburg: Die Evangelis Boekhandel de Jong .

De Villiers, D W & Anthonissen, J A S 1982. *Dominee en dokter by die siekbed*. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

De Villiers, I L 1988. *Waarom is ek bang?* Kaapstad: CTP Boekdrukkers.

Egan, G 1994. *The skilled helper*. Pacific Grove, CA: Brooks Cole Publishing Company.

Flatt, B 1987. Some stages of grief. *Journal of religion and health* 26(2), 143-148.

Futterman, E H I 1972. *Parental anticipatory mourning*. New York: Columbia University Press.

Groen, R 1990. *Rouw en geloof: Een beschrijven van mogenlijkheden*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

Hallewas, C F G E 1989. *In de schaduw des doods*. Hardinxveld: Theologische Uitgeverij Narratio.

Heyns, J M & Pieterse H J C 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Jentsch, W 1989. *Der Seelsorger – Beraten, Bezeugen, Befreien*. Deutschland: Brendow Druck.

Kübler-Ross, E 1979. *On death and dying*. New York: Mac Millan Ltd.

Lategan, L O K 1991. Die terugkeer van die verlore vader: Die op weg gaan met 'n konkrete belewenis van rousmart. *Theologia Evangelica* 25, 19-26.

Louw, D J 1983. *Siekepastoraat*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

— 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Kaapstad: Lux Verbi.

Meyer, C 1988. *Surviving death*. Mystic, CT: Twenty-Third Publications.

Minis, M D 1995. *I don't mind suffering as long as it doesn't hurt*. New York: The Crossroad Publishing Company.

Mouton, J & Marais, H C 1985. *Metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.

Müller, J 1996. *Om tot verhaal te kom*. Pretoria: RGN Drukkers.

Oates, W E 1951. *The Christian pastor*. Philadelphia: Westminster Press.

— 1953. *The Bible in pastoral care*. Philadelphia: Westminster Press.

— 1977. *Pastoral care and counselling in grief and separation*. Philadelphia: Fortress.

— 1997. *Grief, transition and loss*. Minneapolis: Fortress.

Oomen, P M F 1994. Lijden als vraag naar God: Een bijdrage vanuit Whitehead's filosofie. *Tijdschrift voor Theologie* 34(3), 246-268.

Pauw, D A 1998. Jesus: Sy belewing en verwerking van sy emosies. *Skrif en Kerk* 19(1), 57-77.

Perkins-Buzo, J 1994. Theodicy in the face of children's suffering and death. *Journal of pastoral care* 48(2), 155-161.

Pieterse, H J C 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN Studies.

Sarot, M 1994. Ons lijden en Gods medelijden. *Nederlands Theologisch Tijdschrift* 48(2), 131-140.

Spiegel, Y 1977. *The grief process*. Nashville, TN: The Pathenon Press.

Sutherland, A V 1995. Worldframes an God-talk in trauma and suffering. *Journal of Pastoral Care* 49(3), 280-292.

Switzer, D K 1979. *Pastor, preacher, person*. Nashville, TN: The Parthenon Press.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van Biljon, J A 1984. Siekepastoraat as kerklike bediening in hospitaal-konteks. DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria

Van den Berg, J H 1966. *De psygiatrische patient*. Callenbach: Nijkerk.

Van der Ven, J A & Vossen E 1995. *Suffering: Why for God's sake?* Kampen: Pharos Publishing House.

Van Niekerk, E A 1984. *Nie soos mense sonder hoop nie*. Kaapstad: Lux Verbi.

Vossen, H J M 1993. Images of God and coping with suffering: The psycological and theological dynamics of the coping process. *Journal of Empirical Theology* 6(1), 19-38.

Yontef, G M 1976. *Gestalt therapies*. Prentice-Hall: Englewood Cliffs, NJ.

Zijlstra, W 1989. *Op zoek naar een nieuwe horizon: Handboek voor klinische pastorale vorming*. Nijkerk: Callenbach.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services